Dinsdag **29 Oktober**

**Skrifgedeelte: Handelinge 2:42-47**

**Fokusgedeelte: Handelinge 2:42**

**Vir meelewing en ondersteuning**

Daar word dikwels gesê dat ’n stabiele gesin die boublok is vir ’n stabiele samelewing. Hoeveel te meer die invloed van ’n stabiele familie?

Die gemeente is nou meer as 3000 sterk. Hulle was sterk na binne:

- Volhardend in die leer van die apostels. Die eerste boublok was dus die prediking van die feit dat Christus gesterf en opgestaan het, en aan die lidmate die ewige lewe gegee het.
- Die tweede boublok: verbind aan mekaar. Afhanklik en ondersteunend. Dis sigbaar in die onbaatsugtige deel van aardse besittings.
- Gemeenskaplike maaltyd is die derde boublok. Dit was nie net die versterking van die liggaam nie, maar ook die siel: die Nagmaal.
- Die laaste boublok: gebed. Die lidmate wat saam met mekaar praat met die Here – afhanklik, prysend.

Hulle was ook sterk na buite! Hulle invloed in die gemeenskap was so dat die mense graag met die lidmate, die gemeente, wou assosieer. Hierdie eenheid van woord, gebed, eet en onderlinge verbondenheid het meer en meer mense getrek. Jy is deel van hierdie gesin.

As kerk moet ons weer besin en dink: Hoe funksioneer ons as gemeente in die gemeenskap? Is die getuienis dat mense ons goedgesind is? Die gemeenskap waarin die gemeente is, mense wat nie lidmate is nie, dat ons leefwyse hulle trek om deel te wees van die gemeente?

Jy is aandadig. Jy wat vrye toegang het. Jy wat toegerus is. Jy is deel van ’n begenadigde span met ’n groot taak en verantwoordelikheid, gebou op die genade van die Here.

*Sing: Skrifberyming 3-4 (al die verse)*

*Dr. HF (Hennie) van Wyk (Emeritus)*